Afrikaans

Week 4: 11 Mei – 15 Mei

Spelwoorde vir die week

sonnige	goedhartig
teleurgesteld	vermoë
ongeduldig	môre
onselfsugtig	druppeltjie
geëet	familie

Maandag: 11 Mei

Lees die e-pos hieronder. Deon het 'n e-pos aan Mandu in die toekomende tyd geskryf. Jy moet die e-pos oorskryf en seker maak dat jy dit in die verlede tyd skryf. Maak seker jy skryf eers die opdrag hieronder af en dan verander jy dit na die verlede tyd soos aangedui.

Werkstuk 32 11 Mei 2020
'n E-pos: Toekomende tyd na verlede tyd

Toekomende tyd:

Aan: manduk@gmail.com
Van: deons@yahoo.com

Liewe Mandu

Môre gaan ek na 'n rugbykamp toe. Ons gaan drie ure lank soontoe reis. Nadat ons uitgepak het, sal ons aandete eet. Later sal ons gaan slaap. Ons sal vroeg opstaan en ontbyt eet. Die afrigter sal vir ons wys hoe om ons oefeninge te doen. Ons sal 'n wedstryd speel en daarna 'n paar dokumentêre programme oor rugby kyk.

Van
Deon

Verlede tyd:

Liewe Mandu

_____

_____

_____

_____

Van
Deon

Dinsdag: 12 Mei

1. Vervang die woorde in kleur met antonieme.
2. Vervang die woorde in kleur met sinonieme.
3. Skryf die sinne oor met die korrekte leestekens asook met hoofletters waar nodig.

Werkstuk 33 12 Mei 2020
Hersiening

1. Antonieme:

a) Die skilpad met sy **lang** pote hardloop **stadig.**
b) Die **slegte** waghond jaag die **eerlike** skelms weg.
c) Die **lui** kinders se skoolwerk is **swak**, want hulle werk so **min**.

2. Sinonieme:

a) Dit is ‘n **nors** ou oom.
b) Ons het die **resies** voltooi.
c) Moet ek jou elke dag **soebat** om jou kamer netjies te hou?

3. Hoofletters en leestekens:

a) ek verjaar more en my maats kom almal hierheen
b) hoekom kom jy nie na my partytjie toe nie
c) ek sien so uit na saterdag
d) die partytjie begin om twee uur
e) almal is knuppeldik geeet
f) hulle is almal binnein die huis
g) daar is ‘n hanswors om die kinders te vermaak

Woensdag: 13 Mei

Werkstuk 34 13 Mei 2020
Voorsetsels

‘n Voorsetsel is ‘n woord wat aandui waar ‘n voorwerp,iets of iemand ten opsigte van ‘n ander voorwerp, iets of iemand is.
Bv. Die seun spring **oor** die stoel.
Die bal lê **onder** die tafel.
Ek staan **langs** die huis.
Die meisie staan **tussen** haar maats.
Nog voorbeelde van voorsetsels is:
bo, voor, agter, naby, op, in, teen, buite, bo-op, aan, vir, met, na

Kyk na die prentjies hieronder en skryf ‘n sin vir elke prentjie om aan te dui waar die tennisbal is. Gebruik gepaste voorsetsels vir elke sin.



1.
2.
3.
4.
5.
6

Donderdag: 14 Mei

Plaas die volgende woorde in die korrekte alfabetiese volgorde. Onthou jy moet jou alfabet ken om hierdie werkstuk vandag te kan doen.

Werkstuk 35 14 Mei 2020
Alfabetiese volgorde

sonskyn roomys storm aardbewing hael bewolk reën waai strand wind

1. _____ 2. _____ 3. _____ 4. _____ 5. _____

6. _____ 7. _____ 8. _____ 9. _____ 10. _____

Vrydag: 15 Mei

Dit is weer tyd vir jou weeklikse speltoets en skrifoefeninge.

Werkstuk 36 15 Mei 2020
Speltoets 10

1.
2.
3.
4.
5.
6.
7.
8.
9.
10.

Skrifoefening:



Lekker naweek vir julle. Juffrou mis julle gesiggies baie. Pas jouself mooi op en wees veilig.